Geopende Deure


# WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2026



# Top 50 gebedskalender

Bid vir vervolgde Christene in lande waar geloof onmoontlik behoort te wees.

# WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2026



## MEER OOR DIE LYS

Die Wêreldwaarnemingslys word deur Geopende Deure se ontleders saamgestel, wat werklike data van kundiges op grondvlak in 150 lande gebruik. Vervolging word in elke land gemeet deur 'n puntestelsel te gebruik wat die geweld en druk monitor. Dit meet die hoeveelheid en erns van gewelddadige voorvalle teen Christene, asook die mate van druk wat toegepas word teen die beoefening van hul geloof op ses vlakke van die lewe.

**Geweld** **Privaat** **Familie** **Gemeenskap** **Nasionaal** **Kerk**



Die maksimum punte vir elke afdeling is 16,7, met 'n totale maksimum telling uit 100 wanneer dit gekombineer word. Elke land se ranglysposisie hang af van sy totale telling uit 100, wat die intensiteit van vervolging aandui.

## VLAKKE VAN VERVOLGING

**HOOG**
41-60 punte

**BAIE HOOG**
61-80 punte

**UITERS HOOG**
81-100 punte

Elke land op die lys het baie hoë of uiterste vlakke van vervolging, wat aandui hoe erg die vervolging van Christene is.



## WIL JY MEER UITVIND?

Besoek **www.opendoors.org.za** vir profiele van al die WWL-lande, met verdere getuienisse, gebedspunte, vervolgingstendense en maniere hoe jy betrokke kan raak.

## LANDE MET UITERS HOË VERVOLGING

**1 Noord-Korea**
Die Christen-gemeenskappe in Noord-Korea ontmoet gewoonlik in klein groepies familielede of naby vriende. Bid dat God hierdie mooi uitbeeldings van sy Kerk sal beskerm.

**2 Somalië**
Somalië is ŉ getraumatiseerde nasie, en die Christene in Somalië nog meer so. Bid dat God se Gees in hulle sal werk en dat Hy genesing vir hul gemoedere en op geestelike vlak sal bring.

**3 Jemen**
Die klein aantal gelowiges in Jemen groei, maar elkeen van dié gelowiges staar elke dag die gevaar van geweld en selfs die dood in die gesig. Bid vir hulle vir moed en hoop.

**4 Soedan**
Die brutale burgeroorlog in Soedan duur voort en sommige gelowiges word gedwing om te vlug, terwyl ander geen keuse het as om te bly en weg te kruip nie. Vra God om hulle te beskerm.

**5 Eritrea**
Baie Christene is in Eritrea se bekende gevangenisstelsel vasgevang. Sommiges word aangehou net omdat hulle hul geloof uitleef. Bid dat hulle sal aanhou hoop en uiteindelik vrygelaat sal word.

**6 Sirië**
Ná die val van die Assad-regime leef baie Christene in voortdurende onsekerheid. Bid dat gelowiges op God sal steun as hul "veilige toevlug" (Jesaja 26:4).

**7 Nigerië**
Duisende Nigeriese Christene is verlede jaar ontwortel weens die voortslepende geweld in noordelike Nigerië. Bid dat God aan hulle hoop en stabiliteit sal gee.

**8 Pakistan**
Pakistan se Godslasterings-wette het ŉ uiteenlopende impak op Christene. Bid vir diegene wat onregverdig van Godslastering beskuldig word en vra God om hulle teen gevangenisstraf of burgerlike "reg" te beskerm.

**9 Libië**
Daar is baie min Christene in Libië. Indien hulle ontdek word, kan hulle geteiken word. Bid vir hierdie gelowiges dat hulle Jesus in veiligheid sal kan volg en ander mede-gelowiges sal ontmoet.

**10 Iran**
Ná afloop van die oorlog met Israel, rapporteer baie Christene in Iran dat hulle selfs nog strenger behandeling van die owerhede ontvang. Bid dat God die spanning sal verlig en met die gelowiges sal wees wat alles waag om in die geheim te ontmoet.

**11 Afganistan**
Christene in Afganistan bly steeds volhard ondanks die Taliban wat die afgelope



vier en ŉ half jaar regeer. Vra God om sy mense te beskerm en aan hulle ŉ gees van hoop en vrede te gee.

**12 Indië**
Ekstremiste teiken steeds Christene in Indië. Bid dat gelowiges die geweld sal vryspring en vra God om diegene te vertroos wat reeds onder aanvalle deurgeloop het.

**13 Saoedi-Arabië**
Alhoewel daar meer as twee miljoen Christene in Saoedi-Arabië is, is daar geen wettige openbare kerke nie. Vra dat God die gelowiges sal help om mekaar te vind en saam te kan aanbid.

**14 Mianmar**
Die regerende militêre junta teiken en diskrimineer teen Christene. Bid dat die Here die regeringsamptenare se harte sal verander.

**15 Mali**
Die Christene staar geweld en ontworteling in die gesig deur groepe wat met die Islamitiese Staat en al-Qaeda geassosieer word. Bid vir die gelowiges wat alles waag weens hul geloof in Christus.

## LANDE MET BAIE HOË VERVOLGING

**16 Burkina Faso**
Vra God om die Christene te help wat weens die geweld geliefdes verloor het of ontwortel is. Bid dat hulle vertroos sal word en die ware vrede van Christus sal ervaar.

**17 China**
Baie gelowiges in China aanbid in ongeregistreerde kerke, wetende dat hul kerk enige tyd toegemaak kan word. Bid vir beskerming en moed te midde van dié onsekerheid.

**18 Irak**
Die Kerk in Irak probeer steeds om hervestig te word ná die generasietrauma waarvoor ISIS bykans ŉ dekade gelede verantwoordelik was. Bid dat die gelowiges sout en lig sal wees en dat God diegene wat geroepe voel om te bly, sal seën.

**19 Maledive**
Die Christene, en veral bekeerlinge vanuit ander gelowe, moet in die geheim ontmoet. Bid vir hierdie gewaagde byeenkomste en vra God om hulle te seën.

**20 Algerië**
Om tot bekering te kom, kan baie gewaagd wees vir beide bekeerlinge en diegene wat die Evangelie met hulle deel. Vra God om Christene in Algerië wat vanuit Islam tot bekering gekom het, te beskerm.

**21 Mauritanië**
Die Kerk in Mauritanië is klein, maar veerkragtig. Vra God om die gelowiges daar te bemoedig, hulle te help groei en hulle te lei om die Sendingopdrag uit te leef.

**22 Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR)**
Seksuele geweld kom heeltemal te veel voor in die SAR. Vra dat God genesing van liggaam en siel sal skenk aan ons susters wat slagoffers van hierdie verskriklike misdaad is.

**23 Marokko**
Vroue wat hulle tot Christenskap bekeer, kan ernstige vervolging deur hul families en gemeenskappe in die gesig staar. Bid dat hierdie susters ŉ geloofsgemeenskap sal vind en dat alle Christene in Marokko moedig en in wysheid hul geloof sal kan uitleef.

**24 Kuba**
Net soos alle ander Kubane, trotseer gelowiges op hierdie eiland belangrike humanitêre nood. Vra dat God aan die Kubaanse volk se basiese behoeftes sal voorsien.

**25 Oesbekistan**
Nie-geregistreerde kerke word veral geteiken en aangeval. Vra God om gelowiges te beskerm wat baie waag om bymekaar te kom en Hom te aanbid.

**26 Niger**
In sommige dele van Niger loop Christene die gevaar om deur Islamitiese militante groepe aangeval te word. Bid vir beskerming vir dié wat weens hierdie onsekerheid ontwortel is.

**27 Tadjikistan**
Geloofsgemeenskappe in Tadjikistan word steeds deur die regering gemonitor en dopgehou. Vra God om die Christene veilig te hou en aan die kerkleiers ekstra genade te gee.

**28 Laos**
Sommige Christen-bekeerlinge in die landelike dele van Laos word uit hul huise en dorpe verdryf wanneer ontdek word dat hulle gelowiges is. Bid dat God hulle sal beskerm en dat hulle onder sy vleuels skuiling sal vind (Psalm 17:8).

**29 Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)**
Gelowiges in die DRK staar geweld en ontworteling in die gesig weens hul geloof in Jesus. Vra God om hulle hoop en moed te gee, selfs wanneer dit lyk asof daar geen uitkoms is nie.

**30 Mexiko**
Christene wat in sommige dele van suidelike Mexiko woon, ervaar ernstige vervolging wanneer hulle die Goeie Nuus oor Jesus deel. Bid dat God hierdie dapper gelowiges sal beskerm en bemoedig.

**31 Tunisië**
Hoewel buitelandse Christene in Tunisië dikwels toegelaat word om vrylik te aanbid, deel Tunisiese Christene nie

dieselfde vryheid nie. Bid dat die Tunisiese volgelinge van Jesus ŉ geloofsgemeenskap sal vind en in hul dissipelskap sal groei.

**32 Nicaragua**
Bid dat kerke wat deur die owerhede dopgehou word, moed en wysheid sal ontvang om bymekaar te kom.

**33 Bangladesj**
Diegene wat vanuit ander gelowe tot bekering kom om Jesus te volg, ervaar dikwels druk vanaf beide hul families en gemeenskappe. Vra God om hulle te help sodat hulle sal weet dat hulle nie alleen is nie.

**34 Bhoetan**
Die Christene in Bhoetan moet in ongeregistreerde kerke aanbid omdat geen kerke amptelik deur die staat erken word nie. Bid dat hulle sal kan voortgaan om bymekaar te kom en mekaar te bemoedig.

**35 Turkmenistan**
Bid vir eenheid tussen God se mense in Turkmenistan. Vra dat God mure sal afbreek en dat die liefde van die gelowiges sigbaar sal wees soos Jesus beveel het.

**36 Ethiopië**
Christene wat Islam of die Ethiopiese Ortodokse Kerk verlaat het en by evangeliese gemeenskappe aangesluit het, kan moontlik deur hul families en gemeenskappe verwerp en vervolg word. Vra God om hierdie gelowiges te beskerm en sy mense in Ethiopië te verenig.

**37 Kameroen**
Die verre noordelike dele van Kameroen is steeds ŉ baie gevaarlike plek vir Christene. Vra God om sy mense veilig te hou en hulle teen Boko Haram se aanvalle te beskerm.

**38 Oman**
Hoewel dit vir buitelandse Christene oor die algemeen moontlik is om hul geloof sonder inmenging uit te leef, staar burgers van Oman hewige beperkings in die gesig wanneer hulle vanuit Islam tot bekering kom. Bid dat God hierdie gelowiges sal beskerm en hulle sal help om ŉ veilige Christengemeenskap te vind.



**39 Mosambiek**
Aanvalle in Mosambiek het in 2025 toegeneem en Christene is erg deur Islamitiese ekstremiste geteiken. Bid vir die slagoffers se geliefdes en vir diegene wat ontwortel is.

**40 Kirgistan**
Kirgistan het vroeg in 2025 ŉ nuwe reeks godsdienstige

wette in werking gestel wat volgens baie waarnemers godsdienstige minderhede, insluitende Christene, gaan teiken. Bid dat die gelowiges moed en wysheid sal ontvang om in hierdie nuwe omstandighede te leef.

**41 Turkye**
Wanneer Moslems in Turkye tot bekering kom om Jesus te volg, kan hulle deur hul families en gemeenskappe uitgesluit word. Bid dat hierdie gelowiges hoop en ŉ plek waar hulle tuishoort in die familie van God sal vind.

**42 Egipte**
Baie Christene word as tweedeklasburgers beskou, veral in landelike gebiede en dorpe. Die gelowiges het beperkte werksmoontlikhede. Bid dat hierdie gelowiges nie ontmoedig sal word nie, maar sal weet wat hul waarde in die Here se oë is.

**43 Comore**
Bid vir die Christene wat gedwing word om Jesus in die geheim te volg, omdat hulle brutale vervolging in die gesig staar indien dit bekend word dat hulle Christene is.

**44 Katar**
Die burgers van Katar kan nie vrylik vanuit Islam tot bekering kom nie. Bid vir geloofsvryheid.

**45 Kasakstan**
Kasakstan se beperkende godsdienstige wetgewing beteken dat kerke en kerkleiers voortdurend onder druk is. Vra dat God hulle sal verkwik en opnuut bewus sal maak van die Heilige Gees se teenwoordigheid.

**46 Nepal**
Bid vir die veiligheid van Christelike huishoudings in gebiede wat brandpunte is en diegene wat die enigste gelowiges in hul families is. Bid dat hulle ondanks vervolging sterk sal staan in hul geloof.

**47 Colombië**
Bid dat God die gelowiges in inheemse gemeenskappe wat Jesus vind, sal beskerm. Bid dat hulle eerder aanvaar as verdruk sal word.

**48 Tsjad**
Gelowiges wat Jesus in gebiede volg waar Islamitiese ekstremiste aktief besig is, kan deur geweld geteiken word. Bid dat God die militante se harte sal verander en sy mense sal beskerm.

**49 Jordanië**
Dit is uiters gewaagd om in Jordanië vanuit Islam tot bekering te kom. Bid vir diegene wat vriende of familie verloor het omdat hulle Jesus volg.

**50 Broenei**
Bekeerlinge vanuit Islam in Broenei kan van afvalligheid aangekla word, aangesien dié land onder Sharia (Islamitiese wetgewing) val. Bid dat alle mense in Broenei vry sal wees om hul eie geloof te kies.



**Hou aan om saam met ons vir gelowiges te bid wat dit waag om die Goeie Nuus van Jesus met ander te deel.**

**TEKEN HIER IN** om ons kommunikasie te ontvang:

**Geopende *Deure***

Geopende Deure Afrika
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
+27 66 397 1319

**VOLG ONS OP:**
**www.opendoors.org.za**

Geopende Deure Open Doors NPC – Reg. nr. 2004/023397/08 – PBO nr. 930011129